Rapport

KleinSake24

Kleinsakelui kry reeks oor bemagtiging

Sake24, Ontbytsake en konsultante span saam

DAVID VAN ROOYEN



Me. Michelle McLean, voormalige Mej. Heelal en deesdae 'n vooraanstaande sakevrou, en die voormalige Blou Bul-afrigter, mnr. Heyneke Meyer, neem ook aan die programreeks oor bemagtiging op KykNET deel.
Foto: CHRISTIAAN KOTZE

'n Splinternuwe inisiatief om kleinsakelui beter in te lig oor hoe om by die bemagtigingsvereistes van die huidige politieke bestel aan te pas, is die naweek bekend gestel.

Die inisiatief is 'n gesamentlike poging tussen BEE2Business, konsultante oor bemagtiging, die televisieprogram Ontbytsake op KykNET en *Sake24*.

Dit bestaan uit 'n reeks onderhoude oor die onderwerp wat vir sowat 12 weke elke Saterdagoggend op Ontbytsake uitgesaai word, en wat die volgende Sondagoggend in *Sake24* met 'n artikel opgevolg gaan word.

Die projek is die breinkind van mnr. Louis McLaren, grootbaas van BEE2Business.

Hy is ook die Afrikaanse Handelsinstituut se hoofbestuurslid wat vir die instansie se siening oor swart ekonomiese bemagtiging verantwoordelik is.

Volgens McLaren bestaan daar steeds baie onsekerheid oor bemagtiging en wat van besigheid verwag word. En die situasie word vererger deur die feit dat die departement van handel en nywerheid baie gebrekkige inligting aan veral kleinsake verskaf.

Bemagtiging is egter nie iets wat kleinsake sommer kan ignoreer nie, want dit kan sakegeleenthede laat ontstaan om veral met openbare instansies en groot ondernemings te kan sake doen.

Sommige ondernemings, wat in 'n groot mate van die openbare sektor afhanklik is, het geen ander keuse nie as om bemagtingstransaksies te doen.

Die gebrek aan behoorlike kommunikasie lei egter daartoe dat veral kleinsake meestal reaktief op bemagtiging reageer, pleks van pro-aktief.

Die doel van die reeks onderhoude en artikels is dus om aan kleinsake praktiese wenke te gee oor hoe om die proses die beste te bestuur, op 'n wyse wat hom nie baie tyd en geld gaan kos nie.



"Ons gaan ook aan kleinsake probeer aandui hoe om sinvolle en volhoubare bemagtiging te doen sonder om hul besighede weg te gee."

"Aan die ander kant wil ons vir hulle wys watter voordele daar is, deur onder meer sosiale ontwikkeling in jou omgewing te doen."

Bemagtiging vir kleinsake gaan juis nou weer in die kollig wees omdat maatskappye se bemagtigingsgetuigskrifte voortaan geverifieer moet word deur geakkrediteerde graderingsagentskappe wie se praktyke aan bepaalde vereistes moet voldoen.

Vir kleinsake beteken dit onder meer dat die dae van frontmaatskappye om staatskontrakte te bekom, iets van die verlede gaan wees as die bedoelde voorskrifte reg toegepas gaan word. Vir kleinsake is dit dus nou uiters belangrik om te weet wanneer hul bemagtigingsertifikate geldig is of nie.

Nog sake wat bespreek gaan word, is wat kleinsake te doen staan noudat finansiering vir bemagtigingstransaksies as gevolg van die internasionale finansiële krisis feitlik opgedroog het.

Benewens McLaren gaan daar ook onderhoude met 'n reeks ander persone oor die onderwerp gevoer word. Van die bekendstes is mnr. Heyneke Meyer, voormalige Blou Bul-afrigter en me. Michelle McLean, 'n voormalige Mej. Heelal en deesdae vooraanstaande sakevrou.